



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**VERBRUIKERSTUDIES**

**NOVEMBER 2018**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 20 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1: KORTVRAE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, p. 163; Suksesvol, p. 181)* | (1) |
| | 1.1.2 | D✓ | *Onthou, maklik (Verken, p. 166; Suksesvol, p. 184)* | (1) |
| | 1.1.3 | A✓+1 | *Verstaan, maklik (Verken, p. 171; Suksesvol, p. 191)* | (1) |
| | 1.1.4 | B✓ | *Onthou, matig (Verken, p. 94; Suksesvol, p. 114)* | (1) |
| | 1.1.5 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, p. 82; Suksesvol, p. 94)* | (1) |
| | 1.1.6 | C✓ | *Verstaan, matig (Verken, p. 106; Suksesvol, p. 128)* | (1) |
| | 1.1.7 | A✓ | *Verstaan, moeilik (Verken, p. 77; Suksesvol, p. 91)* | (1) |
| | 1.1.8 | D✓ | *Verstaan, matig (Verken, p. 80; Suksesvol, p. 93)* | (1) |
| | 1.1.9 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, p. 61; Suksesvol, p. 67)* | (1) |
| | 1.1.10 | D✓ | *Toepassing, moeilik (Graad 11)* | (1) |
| | 1.1.11 | C✓ | *Onthou, matig (Verken, p. 127; Suksesvol, p. 146)* | (1) |
| | 1.1.12 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, p. 122; Suksesvol, p. 140)* | (1) |
| | 1.1.13 | A✓ | *Onthou, maklik (Verken, p. 121; Suksesvol, p. 138)* | (1) |
| | 1.1.14 | C✓ | *Verstaan, matig (Verken, p. 122; Suksesvol, p. 140)* | (1) |
| | 1.1.15 | D✓ | *Toepassing, matig (Verken, p. 130; Suksesvol, p. 149)* | (1) |
| | 1.1.16 | A✓ | *Onthou, matig (Verken, p. 37; Suksesvol, p. 39)* | (1) |
| | 1.1.17 | C✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p. 35; Suksesvol, p. 35)* | (1) |
| | 1.1.18 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, p. 16; Suksesvol, p. 21)* | (1) |
| | 1.1.19 | C✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p. 28; Suksesvol, p. 26)* | (1) |
| | 1.1.20 | B✓ | *Onthou, matig (Verken, p. 39; Suksesvol, p. 41)* | (1) |

1.2 C✓
D✓
F✓ (Enige volgorde) (3)
*Onthou, maklik (Verken, bladsy 15-18; Suksesvol, bladsy 21-23)*

1.3 1.3.1 Afname/ stadium 4✓ (1)

1.3.2 Loods/ begin/ bekendstelling/ stadium 1 ✓ (1)

1.3.3 Einde/ veroudering/ stadium 5✓ (1)

1.3.4 Hoogtepunt/ piek/ stadium 3✓ (1)
*Verstaan maklik (Verken, bladsy 50; Suksesvol, bladsy 50)*

1.4 1.4.1 D✓ (1)

1.4.2 G✓ (1)

1.4.3 A✓ (1)

1.4.4 B✓ (1)

1.4.5 F✓ (1)
*Verstaan, matig (Verken, bladsy 155 - 156; Suksesvol, bladsy 169 – 172)*

1.5 A ✓
B✓
C✓ (Enige volgorde) (3)
*Toepassing,* maklik *(Verken, bladsy 139-145; Suksesvol, bladsy 157-160)*

1.6 A✓
B✓
D✓
F✓
J✓ (Enige order) (5)
*Verstaan, moeilik (Verken, bladsy 77; Suksesvol, bladsy 86-87)*

**[40]**

**VRAAG 2: DIE VERBRUIKER**

**2.1 Definieer die term *stokvel*.**

- 'n (Gemeenskap/groepgebaseerde) spaarklub/skema.✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 161; Suksesvol, bladsy 177)*

**2.2 2.2.1 Gee die tydsbestek vir 'n afkoeltydperk soos van toepassing op die teken van 'n kontrak.**

- Vyf werksdae.✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 157; Suksesvol, bladsy 173)*

**2.2.2 Noem onder watter omstandighede 'n afkoeltydperk van toepassing is as Direkte bemarking vir 'n verkoopstransaksie gebruik word.**

- Wanneer verbruikers onder druk geplaas word om goedere✓[1] deur direkte bemarking aan te koop soos 'n verkoopsagent/individuele elektroniese metodes soos SMS/epos.✓[2]
- Wanneer die kredietooreenkoms 'n huurkontrak of paaiement kontrak behels wat afgehandel is by enige plek anders as die besigheidsperseel van die kredietverskaffer.✓[3] nie langer deur die ooreenkoms gebind wil wees nie.✓[4] (Enige 2) (2)

*Onthou, matig (Verken, bladsy 157; Suksesvol, bladsy 173)*

**2.3 2.3.1 Noem die sakepraktyk wat ter sprake is in die scenario.**

- Swendelskema/oneerlike sakepraktyk/ oneerlike skema/ bedrog/onwettig /onredelike besigheidspraktyk✓ (1)

*Verstaan, maklik (Verken, bladsy 159; Suksesvol, bladsy 176)*

**2.3.2 Voorspel wat moontlik sal gebeur as die geld oorgeplaas word.**

- Die persoon wat geskakel het, sal die geld neem en verdwyn/ nie weer van hom hoor nie.✓[1]
- Daar sal geen koop van gesteelde goedere/ vergadering/ ontmoeting wees nie.✓[2]
- Die entrepreneur sal sy/haar geld verloor.✓[3] (Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Verken, bladsy 159; Suksesvol, bladsy 176)*

**2.4 Stel voor hoe water meer doeltreffend gebruik kan word deur te verwys na:**

**2.4.1 Toilette:**

- Goeie instandhouding van die toilet kan die waterverbruik verminder/maak seker dat die toilet nie lek nie.✓[1]
- Plaas 'n plastiekbottel, met water gevul/baksteen in die spoelbak✓[2] om die hoeveelheid water per spoel te verminder/spoel minder/installeeer spoel minder toilete/ dubbelspoel-toilette✓[3]
- Lig die handvatsel✓[4] van die toilet om onnodige spoeling te stop.
- Installeer 'n reënwatertenk✓[5] sodat reënwater gebruik kan word vir spoeling van die toilet, op te vang.
- Gebruik grys/stort/badwater om die toilet te spoel.✓[6]
- Moenie na urinering spoel nie/moenie onnodig spoel nie✓[7]

(Enige 2) (2)

**2.4.2 Plante:**

- Plant inheemse plante/waterbesparende plante✓[1] wat minder water vereis.
- Groepeer plante met dieselfde waterbehoeftes saam.✓[2]
- Gebruik dekblare✓[3] om die water in die grond te behou.
- Installeer 'n reënwatertenk/Jojo/boorgat✓[4] wat gebruik kan word om die tuin nat te maak.
- Gebruik 'n gieter/emmer/dripsisteem/gryswater✓[5] om die tuin nat te maak.
- Moenie plante in die middel van die dag/wanneer die winderig is nat maak nie✓[6] omdat jy tot 90 persent van die water wat jy gebruik mag verloor. (Enige 2) (2)

*Toepassing, matig (Verken, bladsy 180 -181; Suksesvol, bladsy 199)*

**2.5 Volgens Statistiek Suid-Afrika bestee munisipaliteite meer as 20% van hul inkomste op elektrisiteit. Verduidelik waarop hierdie geld spandeer word.**

- Befondsing vir die voorsiening van die gratis basiese elektrisiteit vir arm huishoudings/gratis 50 kW.✓[1]
- Voorsiening en instandhouding van straat/verkeeersligte.✓[2]
- Voorsiening van elektrisiteit vir munisipale kantore/ geboue/ geriewe.✓[3] (3)

*Verstaan, matig (Verken, bladsy 183 – 184; Suksesvol, bladsy 202-203)*

**2.6 Verduidelik die tussenverwantskap tussen die verdien van 'n hoë salaris en betaal van belasting.**

- Gebaseer op die beginsel dat mense moet bydra tot die welstand van die staat✓[1] op dieselfde manier waarop hulle tot hul eie welstand bydra✓[2]
- Inkomstebelasting/lopendebetaalstelsel (LBSE) is betaalbaar op dieselfde tyd wanneer 'n salaris betaal/verdien is. Inkomstebelasting betaalbaar word gebaseer op 'n glyskaal/Hoe hoër die salaris✓[3], hoe meer inkomstebelasting/lopendebetaalstelsel (LBS) is betaalbaar.✓[4]
- Verbruikers wat 'n hoë salaris verdien sal waarskynlik baie goedere en dienste koop.✓[5] Hulle sal dus meer Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) betaal as verbruikers wat minder goedere en dienste koop.✓[6]
- Verbruikers wat 'n hoë salaris verdien, besit gewoonlik een of meer motors/hulle is ook geneig om meer te betuur/reis.✓[7] Hulle sal dis meer brandstofheffings betaal omdat hulle meer brandstof/diesel gebruik.✓[8]
- Huiseienaars betaal erfbelasting aan die munisipaliteit. Die bedrag van die erfbelasting is gebaseer op die waarde van die eiendom.✓[9] Hoe hoër die waarde van die eiendom, hoe hoër sal die erfbelasting wees. Dit is waarskynlik dat 'n verbruiker wat 'n hoë salaris verdien 'n eiendom met 'n hoë waarde in 'n ryk buurt sal besit.✓[10]
- Oordragkoste is betaalbaar wanneer 'n eiendom gekoop word.✓[11] Oordragskoste is gebaseer op die waarde van die eiendom. 'n Verbruiker wat 'n hoë salaris verdien sal waarskynlik 'n duur eiendom koop en sal dus meer oordragkoste betaal.✓[12]
- Boedelbelasting word op die waarde van alle eiendomme/bates wat deur 'n Suid Afrikaanse burger besit word ten tye van sy/ haar dood gehef.✓[13]Hoe hoër die salaris wat 'n verbruiker tydens sy/haar lewe verdien, hoe hoër die waarde van die eiendom wat hy/sy mag besit het en daarom sal meer boedelbelasting betaalbaar wees.✓[14]
- Mense wat meer verdien sal waarskynlik meer ingevoerde goedere✓[15] koop en dus meer invoerbelasting belasting betaal. ✓[16]
- Mense met n hoër inkomste sal meer waarskynlik meer luukse/ alkohol/ parfuum✓[17] goedere koop en dus meer sondebelasting betaal. ✓[18] (6)

*Analisering, moeilik (Verken, bladsy 128, 163-165, 182; Suksesvol, bladsy 181-183, 146, 201)*

**[20]**

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

**3.1 Noem TWEE redes waarom stabiliseerders by voedsel gevoeg word.**

- Stabiliseerders word by voedsel gevoeg om 'n eenvormige dispersie✓[1] van twee of meer onvermengbare stowwe te behou/verhoed dat stowwe skei.✓[2]
- Dit gee voedsel 'n eweredige konsistensie/tekstuur/ gladheid/voorkoms✓[3] van 'n voedselproduk.
- Voorkom die vorming van groot yskristalle in bevrore nageregte.✓[4]

(Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 74-74; Suksesvol, bladsy 113)*

**3.2 Voedseletikette beskerm verbruikers, verskaf inligting en help met die keuse van voedselitems vir 'n gesonde dieet. Noem die inligting op 'n voedseletiket wat hieraan voldoen.**

- Lys van bestanddele✓[1]
- Nutriëntinligting/ eise✓[2]
- Verkoop teen/ beste-voor datum/ vervaldatum✓[3]
- Opberging✓[4]
- Voorbereidingsinstruksies✓[5]
- Allergene/ bymiddel✓[6]
- Endossemente bv hartstigting✓[7] (4)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 97-98, 182; Suksesvol, bladsy 117, 201)*

**3.3 3.3.1 Definieer die gesondheidstoestand *vetsug*.**

- Vetsug is 'n toestand van oormatige vetheid/ liggaamsvet/ LMI oor 30✓[1] wat 'n nadelige uitwerking op die gesondheid het.✓[2]
- Vetsug is wanneer 'n persoon meer as 20%✓[3] van die aanbevole massa vir sy/haar lengte/ouderdom weeg. ✓[4] (2)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 83; Suksesvol, bladsy 97)*
*LET WEL:* Moenie oorgewig aanvaar nie

**3.3.2 Gee EEN rede vir Nicole se vetsug.**

- Sy geniet energiedigte/hoë kilojoule/ vette/ suiker-ryke/hoë GI✓[1] gemorskos/ongesonde voedsel bv koek, sjokolade, gebraaide vleis, gasdrankies.✓*[2]
- Nicole is baie onaktief ✓[3] en die oortollige energie word in vet gestoor.✓[4]
- Haar energie inset is meer✓[5] as haar energie uitset.✓[6] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 83; Suksesvol, bladsy 97)*
**LET WEL:** *As leerders twee voedsels noem, mag twee punte toegeken word.

**3.3.3 (a) Behalwe vetsug, identifiseer die voedselverwante gesondheidstoestand waaraan Nicole ly as gevolg van haar hoë koolhidraatinname.**

Tipe 2 Diabetes/Diabetes✓ (1)

**(b) Verduidelik die oorsake van die voedselverwante gesondheidstoestand genoem in 3.3.3 (a)**

- Sy eet te veel verfynde suikers/ koolhidrate (koek/ sjokolade/ gaskoeldrank) wat hoë GI is/te min vesel✓1
- Eet te veel vet✓2 wat vetsug/oorgewig✓3 veroorsaak oorsaak van diabetes
- Te min fisiese aktiwiteit dra by tot vetsug/diabetes✓4
- Haar pankreas produseer nie genoeg insulien/die liggam kan nie insulien behoorlik gebruik nie/
- insulienweerstandig✓5 wanneer suiker/ stysel na glukose,✓6 afgebreek word, kan al die glukose nie in die selle✓7 beweeg word om verander te word/omskep te word in energie.✓8
- Die bloedglukosevlakke hou aan verhoog/styg/word abnormaal hoog✓9 en bou op in die bloedstroom.✓10

(Enige 5) (5)

*Verstaan, maklik (Verken 72 - 73; Suksesvol 80- 81)*

**3.3.4 Nicole was besorgd dat sy moontlik MIV positief kon wees. Gee TWEE redes vir haar besorgdheid.**

- Sy het onlangs oormatige gewig verloor.✓1
- Sy is aanhoudend moeg/het 'n gebrek aan energie.✓2
- Sy sukkel met infeksies wat nie vinnig genees nie.✓3
- As verpleegster is die risiko om besmet te word, hoog✓4 (2)

*Onthou, matig (Verken, bladsy 73 - 84; Suksesvol, bladsy 80; 99)* (Enige 2)

NOTA: Die vraag verwys na Vigs en nie na diabetes nie.

**3.3.5 Verduidelik waarom Nicole se cholesterolvlakke hoog is.**

- Koek bevat verborge/gehidrogeneerde margarien/botter✓1 wat transvette✓2 is en verhoog die cholesterolvlakke.✓3
- Koek/sjokolade/gebraaide/vetterige vleis bevat versadigde vet✓4 wat cholesterol/plaak in slagare opbou.✓5
- Gebrek aan fisiese aktiwiteit✓6 kan lei to gewigstoename,✓7 en te min onversadigde vet in die dieet✓8 wat haar laedigtheidlipoproteïen(LDL) slegte cholesterol✓9 laat styg, haar hoëdigtheidlipoproteïen (HDL)/ goeie cholesterol laat daal.✓10

(Enige 6) (6)

*Toepassing, matig (Verken, bladsy 74; Suksesvol, bladsy 84-85)*

3.3.6 **Beskryf die voordele van die onderstaande vir Nicole:**

**(a) Fisiese oefening**

- Oefening verhoog HDL/hoëdigtheidlipoproteïen/goeie cholesterol✓[1] en sal vir Nicole help om gewig te verloor.✓[2] Gewigsverlies verlaag die risiko van koronêre hartsiekte.✓[3]
- Fisiese oefening verlaag die bloedglukosevlak✓[4] bevorder gewigsverlies✓[5] verminder stres.✓[6] (Enige 2)

(2)

**(b) Insluiting van mono-onversadigde vette in haar dieet.**

- Mono–onversadigde vette kan die LDL/ laedigtheid-lipoproteïen/ slegte/ gevaarlike cholesterol verlaag.✓[1] LDL bou in die slagare op, wat die geleidelike vernouing van die bloedvate veroorsaak/voorkom arteriosklerose/ plaak.✓[2] (2)

*Toepassing, matig (Verken 74-75; Suksesvol 84-85)*

3.4 3.4.1 **Verduidelik hoe die swak voedsel higiëne van verbruikers wat in landelike areas woon, bydra tot die oordrag van Listeriose.**

- Die bakterieë word in grond, water, plantegroei/ beeste✓[1] aangetref dus mag die ongepasteuriseerde/ rou melk/ tuis geslagte vleis wat in die landelike areas beskikbaar is die bakterieë dra.✓[2]
- Nie genoeg (skoon)water beskikbaar nie/ besmette water✓[3] om gereedskap/ hande deeglik te was✓[4] nie en groente af te spoel nie.✓[5] (2 x 2) (4)

*Verstaan, matig (Verken 86; Suksesvol 103)*

**3.4.2 Bespreek waarom Listeriose verbruikers van die lae sosio-ekonomiese groep maklik affekteer.**

- Verbruikers van lae sosio-ekonomiese groep is afhanklik van goedkoop geprosesseerde vleis (polonie/ Weense worsies/ hoender) /kaas/ melk/ rou melk vir hulle proteïenvereistes✓[1] met die verwydering van hierdie produkte van die rakke van voedsel verkooppunte sal hulle min proteïen produkte hê om te koop.✓[2]
- Verbruikers van lae sosio-ekonomiese groep mag nie geskikte koel opbergingsfasiliteite/ koelkaste hê✓[3] om voedsel op te berg nie/ op busse of huurmotors vir 'n lang tyd voordat voedsel geëet/ opgeberg word.✓[4] dit verhoog die vermeerdering van die bakterieë.✓[5]
- Informele verkooppunte het beperkte sanitasie✓[6] dus kan hande nie gewas word/ voedsel word maklik besmet/ swak gesondheidskontrole✓[7]
- Omdat sommige verbruikers 'n lae onderwysvlak/ lae inkomste het✓[8] koop hulle gewoonlik geprosesseerde vleisprodukte (polonie/ Weense worsies/ hoender)/ rou melk van informele voedselverkooppunte met higiëne wat bevraagteken kan word/ kan nie inligting lees nie/ vervaldatums op die voedsel.✓[9]
- Sommige het nie toegang tot inligting nie bv. koerante/ internet✓[10] wat inligting verskaf in verband met die Listeriose uitbraak en/bestuur van die siekte ✓[11]
- Die gebrek aan geld en toegang tot dokters/ klinieke✓[12] lei tot die dood van besmette verbruikers. ✓[13]
- As gevolg van hulle sosio-ekonomiese status kan hulle moontlik hul immuunstelsel in gevaar stel✓[14] weens 'n gebrek aan goeie voeding.✓[15]
- Mense in die lae inkomste groep werk dikwels op plaase✓[16] waar hulle in direkte kontak kom met die bakterie op hoender/ vee.✓[17] (4 x 2) (8)

*Analisering, moeilik (Verken, bladsy 86-91; Suksesvol, bladsy 103-109)*

NOTA: Leerders moet die voedsel spesifiseer bv <u>polonie</u>.

**[40]**

**VRAAG 4: KLEDING**

**4.1 Gee VIER voorstelle hoe verbruikers kan bydra om volhoubare tekstiele te ondersteun wanneer hulle kledingitems koop.**

- Lees klere etikette/ plakkate.✓[1] in winkels voordat aankope gedoen word, om te weet van watter tekstiele die item gemaak is/ hoe om die item te versorg/ om ‘n goeie keuse te maak
- Koop organiese klere/ kleedstowwe/ organiese katoen/ tekstiele wat van volhoubare bronne/ bamboes/ vlas/ hennep/ ekovriendelike kleedstowwe gemaak is.✓[2]
- Koop plaaslik vervaardigde klere/ Ondersteun plaaslike ontwerpers/ die 'Trots Suid-Afrikaans'-logo✓[3] omdat dit ‘n kleiner koolstofvoetspoor het
- Koop herwonne tekstiele/ koop omskepte/ koop klere wat ander mense nie meer wil hê/ tweedehandse klere van 'n hospice/ liefdadigheidswinkel/ ”vintage”winkel.✓[4]
- Koop klassieke/goeie kwaliteit klere omdat dit vir ‘n langer tydperk gedra kan word. ✓[5] (4)

*Vertaan, maklik (Verken, bladsy 62; Suksesvol, bladsy 69-70)*

**4.2 Verduidelik wat organiese katoen is.**

- Organiese katoen word gekweek/ op ‘n ekovriendelke/ natuurlike manier/ nie skadelik vir omgewing nie sonder die gebruik van onkruiddoders/ pesdoders/ kunsmis/ chemiese stowwe/ ander toksiese stowwe.✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 61; Suksesvol, bladsy 67)*

**4.3 4.3.1 (a) Identifiseer die kledingitem wat 'n voorbeeld van retrospektiewe mode is.**

- (Lig en donker bruin geruite) das✓ met 1970 se voorkoms. (1)

**(b) Motiveer jou antwoord gegee in 4.3.1 (a).**

- Die das boots die styl van 'n vorige era (1970's) na/die das is sprekend van die styl van 'n vorige era (1970's).✓ (1)

*Verstaan, maklik (Verken, bladsy 51; Suksesvol, bladsy 53)*

**4.3.2 Beskryf die optiese illusie wat geskep word wanneer 'n jong volwassene die onderstaande kledingitems dra:**

**(a) Hemp**

- Die ligblou✓[1]hemp sal die bolyf van die draer groter/ breër✓[2] laat vertoon omdat ligte kleure meer lig weerkaats/illusie van ruimte skep.✓[3] (2)

**(b) Pak klere**

- Die vlootblou/donker✓[1] pak sal die draer skraler/smaller laat vertoon.✓[2] omdat donker kleure lig absorbeer/een kleur verdeel nie die liggaam in twee nie.✓[3]
- Die noupassende✓[4] broek en baadjie maak dat die draer skraler/smaller/langer✓[5] omdat dit nie bonkig is nie✓[6]

(Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Graad 11)*

LET WEL: Geen punte sal toegeken word indien ligblou nie met die optiese illusie gekoppel word nie.

**4.3.3 Skryf 'n paragraaf om die veelsydigheid van die vlootblou pak te bespreek.**

Dit is 'n klassieke mode/ styl✓1 wat tydloos is/ sal vir baie seisoene hou/ vir 'n lang tyd gewild bly.✓2 Die baadjie en broek kan apart gedra word/ kan omskep word/gemeng –en-pas word.✓3 Die pak kan met verskillende kleur hemde/ ”pullovers”/ kortmou truie gedra word.✓4 Die pak kan met dasse/ bykomstighede van verskillende kleure/ style gedra word.✓5 Dit kan met enige kleur skoene gedra word.✓6 Dit kan in verskillende seisoene gedra word.✓7
Kan in die dag of aand/ verskillende geleenthede gedra word✓8.

(Enige 4) (4)

*Toepassing, matig (Verken, bladsy 58; Suksesvol, bladsy 61-62)*
**LET WEL:** Trek EEN punt af indien nie in paragraaf formaat nie.

**4.3.4 Analiseer waarom die gekose bykomstighede met sorg gekies is.**

- Die donker bruin kleur van die aktetas, skoene, horlosieband, bril se raam pas/ koördineer/komplimenteer mekaar en ander uitrustings.✓1
- Die aktetas en skoene is goeie kwaliteit✓2 aangesien dit egte leer is✓3 en sal vir baie seisoene hou/tydloos/klassieke style is.✓4
- Die skoene is 'n donkerder kleur as die broek✓5 en dit is 'n goeie praktyk om skoene te dra wat dieselfde kleur of donkerder as die soomlyn is.
- Die geruite lig en donkerbruin das, skep interessantheid wanneer dit gedra word✓6 en is die nadrukpunt in die uitrusting.✓7
- Die blou en bruin hempsakdoekie bring die kleure wat in die uitrusting gebruik word in harmonie/eenheid met mekaar.✓8
- Die modern styl van die horlosie komplimenteer die moderne styl van die pak. ✓9
- Hierdie bykomstighede skep ‘n formele/ professionele/ gesofistikeerde voorkoms. ✓10

(Enige 5) (5)

*Analisering, moeilik (Verken, bladsy 55, 59; Suksesvol, bladsy 62)*

**[20]**

## VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

**5.1 Noem DRIE tipes maandelikse paaiemente wat 'n huiseienaar aan die plaaslike munisipaliteit moet betaal.**

- Water✓[1]
- Elektrisiteit✓[2]
- Eiendomstariewe/ eiendomsbelasting/ tariewe en belasting✓[3]
- Riool✓[4]
- Vullisverwydering✓[5] (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 124; Suksesvol, bladsy 139)*

**5.2 Verduidelik die funksie van die regspersoon/huiseienaarsvereniging.**

- Beheer/ administreer/ bestuur✓[1] die kompleks/ blok/ skema/ deeltitel.✓[2]
- Verantwoordelik vir die verkiesing van die trustees✓[3] wat verantwoordelik is vir die dag-tot-dag bedryf van die kompleks/ blok/ skema,✓[4] byvoorbeeld, versorging van die tuine/ afvalverwydering.✓[5]
- Die regspersoon is verantwoordelik vir die verspreiding/ gebruik van heffings. ✓[6] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 122; Suksesvol, bladsy 140)*

**5.3 Noem TWEE koste wat by die maandelikse terugbetaling van 'n huislening ingesluit word.**

- Verminder kapitaal✓[1]
- Rente✓[2]
- Lewensversekeringpremies/ verbandbeskermingsversekering✓[3]
- Huiseienaar-samevattendeversekering✓[4]
- Administrasiefooie/ diensfooi✓[5] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 127, 128; Suksesvol, bladsy 145)*
*Moenie "versekering: alleen aanvaar nie.*

**5.4 Gee TWEE redes waarom die vermindering van menslike energieverbruik oorweeg moet word wanneer huishoudelike toestelle gekoop word.**

- Sodat tyd bespaar word.✓[1]
- Sodat energie/ fisiese arbeid/ moeite/ werklading bespaar word.✓[2] (2)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 136; Suksesvol, bladsy 154)*

**5.5 Verduidelik wat 'n regeringbehuisingsubsidie behels.**

- Dit is 'n staatstoelaag/ toelaag✓[1] vir kwalifiserende lae-inkomste( mense wat minder as R3 500)✓[2] verbruikers/ begunstigdes om hulle te help om behuising te verkry/ om verblyf/ eiendom✓[3] vir die eerste keer✓[4] te koop.
- Hoef nie terugbetaal te word nie✓[5] (Enige 3) (3)

*Onthou, matig (Verken, bladsy 130; Suksesvol, bladsy 148)*

**5.6 Verduidelik die verskil tussen voltiteleienaarskap en deeltiteleienaarskap.**

- Voltiteleienaarskap: Die eienaar besit die hele eiendom/ grond✓[1] en die struktuur daarop.✓[2]
- Deeltiteleienaarskap: Die eienaar besit 'n deel/ eenheid✓[3] van die eiendom en deel die eienaarskap van die gesamentlike areas.✓[4] (4)

*Verstaan, maklik (Verken, bladsy 121-122; Suksesvol, bladsy 139-140)*

**5.7 Bespreek VIER finansiële nadele om eiendom te huur.**

- Nadat huur vir jare betaal is, besit die huurder steeds nie die eiendom nie✓[1] dus verloor die huurder geld oor die jare✓[2] wat nie terug gekry kan word nie.
- Die huurder se bates/ belegging verhoog nie.✓[3] Hy/sy help die eienaar om rykdom op te bou✓[4] omdat die waarde van die eiendom normaalweg oor die jare verhoog.✓[5]
- Indien die huurder geld op die eiendom bestee (enige herstelwerk/ verbeteringe) (met toestemming) mag hy/sy die geld wat bestee is verloor✓[6] omdat die eienaar kan besluit of hy/sy die huurder terug sal betaal.✓[7]
- Huur styg gewoonlik elke jaar✓[8] dus sal die huurder meer akkommodasie/ behuisingsuitgawes/ duur/ minder besteebare inkomste jaarliks hê.✓[9]
- Die huurder kan nie die eiendom as sekuriteit/kollaterale sekuriteit vir 'n lening gebruik nie✓[10] en mag dus nie in staat wees om sy/haar eie huis/ eiendom in die toekoms te kan bekostig nie✓[11] indien geen geld vir die koop van 'n huis gespaar is nie.
- Die huurder kan nie die eiendom verkoop✓[12] om 'n wins te maak nie.✓[13]
- Indien die huurder voor die einde van die kontrak, ✓[14] is die huurder verantwoordelik om die laaste maande te betaal. ✓[15]
- Die huurder mag die deposito✓[16] verloor indien daar skade deur die huurder aangerig was. ✓[17] (Enige 4 x 2) (8)

*Toepassing, moeilik (Verken p. 124; Suksesvol p 118)*

**5.8 Stel 'n oorsiglys van AGT universele ontwerpeienskappe op wat van toepassing is op 'n kombinasie gas-en-elektriese stoof.**

- Aaneenlopende rooster op gasblad✓[1] vir die gemaklike skuif van kastrolle en panne
- Maklik-om skoon te maak blad✓[2]/rooster kan gelig om maklik skoon te maak.
- Stoofplate om verskillende grootte kastrolle/braaipanne te akkommodeer✓[3]
- Veiligheidsmaatreëls wat die gastoevoer af sluit indien die vlam nie aangesteek is nie✓[4]
- Een-hand / elektriese-aansteek-funksie✓[5]
- Knoppe is maklik om te hanteer/ gebruik✓[6]
- Knoppe wat maklik is om te lees/ verstaan/ duidelike vertoning van teks✓[7]
- Knoppe wat maklik bereik kan word/ voor op die stoof✓[8]
- Elektroniese tydskakelaar✓[9]
- Kinderveilige sluitmeganisme✓[10]
- Oonddeur wat aan die kant oopmaak✓[11]
- Selfreinigende oond✓[12]
- Binneligte in oond✓[13]
- Duidelike instruksiehandleiding✓[14]
- Die oondlig wat aandui wanneer die oond die korrekte temperatuur bereik het✓[15]
- Maklik om die oondrak te verwyder en skoon te maak. ✓[16] (8)

*Verstaan, matig (Verken, bladsy 137, 139-140 Suksesvol, bladsy 153 en159)*

**5.9 Analiseer die nadele vir José om 'n huis te laat bou.**

- Om die huis te bou was duurder✓[1] omdat José baie meer geld bestee het as wat verwag was.✓[2]
- Die bouery het ingewikkeld geraak✓[3] omdat die bouer nie vaardig was/nie ervaring gehad het nie/nie by NHBRR geregistreer is nie.✓[4] Hoewel sy arbeid goedkoop was,✓[5] het dit vir José baie meer gekos omdat hy meer boumateriaal moes koop.✓[6] en moes meer lone betaal omdat daar meer dae was waarin daar gebou moes word✓[7]
- Die bou kwaliteit was swak/swak vakmanskap/mure was skeef✓[8]en moes afgebreek en herbou word.✓[9]
- Die bouproses was vir nog 'n maand vertraag✓[10] en dit het stress veroorsaak✓[11]en José het reeds kennis gegee om uit die gehuurde huis te trek.✓[12] José moes vir nog 'n maand huur betaal✓[13] weens die vertraging.
- José moes munisipale belasting/water/rioolverwydering aan die plaaslike munisipaliteit betaal✓[14] alhoewel hy nie die nuut geboude huis beset het nie.✓[15] (Enige 8) (8)

*Analisering, matig (Verken p 121; Suksesvol p 138)*

**[40]**

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

**6.1 Noem TWEE opsies wat beskikbaar is vir 'n entrepreneur om sy/haar produkte te versprei.**

- Verkoop dit self/ Direkte verkope/ verspreiding✓[1]
- Die gebruik van 'n middelman/Indirekte verkope✓[2] (2)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 33; Suksesvol, bladsy 32)*

**6.2 Definieer die term *teikenmark*.**

- 'n Spesifieke groep mense✓[1] wat bereid is om die produk/ diens te koop✓[2] en gewillig is om die prys daarvoor te betaal/geld het om vir die produk/ diens te betaal.✓[3]
- 'n Teikenmark het gemeenskaplike behoeftes en belangstellings,✓[4] verskillend van ander groepe✓[5] en sal dieselfde reageer teenoor bemarkingsaksie.✓[6] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 34; Suksesvol, bladsy 33)*

**6.3 6.3.1 Noem die hoofrede vir voorraadbeheer in Nelisa se besigheid.**

- Om die stilstand in produksie weens 'n tekort aan grondstowwe te voorkom/ verseker dat sy genoeg grondstowwe vir produksie sal hê.✓[1]
- Verseker dat die korrekte hoeveelheid grondstowwe gekoop word.✓[2]
- Verseker dat die geld wat in voorraad belê is, beperk is.✓[3]
- Minimaliseer die opbergkoste van die finale produk.✓[4]
- Verminder die vermorsing van materiale✓[5] – geen bestelling van items weens produkte wat nie verkoop nie.
- Verminder diefstal van grondstowwe/ produkte/ toerusting✓[6]
- Stel Nelisa instaat om te kontroleer hoeveel produkte voltooi is en hoeveel in wording is.✓[7] (Enige 3) (3)

*Onthou, matig (Verken, bladsy 19; Suksesvol, bladsy 23)*

**6.3.2 Verduidelik waarom 'n netjiese werkplek belangrik is vir die doeltreffende produksie van Nelisa se produkte.**

- Dit verseker 'n gesonde/ higiëniese✓[1] en veilige✓[2] omgewing vir die werkers.
- 'n Netjiese werkruimte voorkom ongelukke/ brande.✓[3]
- Dit sal werkers help om vinnig/ meer effektief✓[4] en akkuraat✓[5] te werk.
- Makliker om skoon te hou as al die items in hul plek/ houers is.✓[6]
- 'n Netjiese werkplek sal verseker dat sy in staat sal wees om kontrole te hou van al die klein items (krale ens)/ daar sal geen verlies van materiaal/ krale wees nie.✓[7] (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 17; Suksesvol, bladsy 22)*

**6.3.3 Noem VIER inligtingsitems wat op die etikette van Nelisa se produkte moet wees.**

- Naam van die produk✓
- Logo/ Handelsmerk✓[2]
- Tipe produk✓[3]
- Materiaal wat gebruik is/ oorsprong van grondstowwe✓[4]
- Skoonmaak/versorgingsinstruksies✓[5]
- Naam van vervaardiger✓[6]
- (Kontak) besonderhede van die vervaardiger✓[7]
- Adres van die vervaardiger/ land van oorsprong✓[8]
- Prys✓[9]
- Inligting oor die produk/ hipo-allergenies/ waarskywing✓[10]
- Produk grootte✓[11] (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 29; Suksesvol, bladsy 29)*

**6.3.4 Bespreek waarom dit belangrik is dat Nelisa die kliënte se vrae beantwoord.**

- 'n Besigheid se kliënte is sy mees belangrikste bate✓[1] aangesien die hoeveelheid mense wat die juweliersware koop die sukses van die besigheid sal bepaal.✓[2]/ Vinnige reaksie op kliënte se navrae sal hulle ondersteuning verseker/ verbeter kliëntebetrekkinge✓[3] sodat die besigheid groei.✓[4]
- Dit is noodsaaklik dat sy verseker dat die besigheid die behoeftes van die kliënte bevredig.✓[5] gelukkige kliënte moedig verkope aan deur "word of mouth/ ongelukkige kliënte beteken moontlik geen verkope, geen wins.✓[6]
- Om terugvoering van kliënte te kry kan gebruik word om die besigheid/produkte/diens te verbeter.✓[7] as gevolg van kliënte navrae kan Nelisa haar produkte aanpas om haar besigheid te laat groei/om haar kliënte se behoeftes te bevredig/produseer wat hulle wil hê.✓[8]
- Deur klagtes/behoeftes aan te spreek/luister na kliënte sal help om hulle te behou/hulle volgehoue ondersteuning in/lojaliteit.✓[9]

(Enige 5) (5)

*Verstaan, matig (Verken, bladsy 25; Suksesvol, bladsy 25)*

**6.3.5 Verskeie faktore moet oorweeg word wanneer 'n entrepreneur 'n geskikte produk vir kleinskaalse produksie kies. Bespreek hoe elk van die onderstaande faktore bydra tot Nelisa se sukses.**

**(a) Beskikbaarheid van finansiële hulpmiddels**

- Sy het 'n besigheidsidee met lae aanvangskoste/ oorspronklike koste. ✓[1]
- Sy hoef nie 'n werkruimte te huur nie, sy het van die huis af gewerk. ✓[2]
- Sy gebruik 'n kombinasie van winste en spaargeld✓[3] om 'n nuwe werkswinkel in haar tuin te bou✓[4] toe sy 'n groter werkruimte nodig gehad het✓[5] OF genoeg fondse om uit te brei.✓[6]
- Sy het haar verkope verdubbel deur by 'n mark te verkoop✓[7]/ inkomste uit dit het meer wins tot gevolg gehad.✓[8]
- Sy het die hulpbronne/ finansies om vier voltydse personeellede en tydelike werkers in diens te neem/ te betaal – dit het produksie en 'n suksesvolle besigheid verseker.✓[9]

(Enige 3) (3)

*Toepassing, matig (Verken, bladsy 11; Suksesvol, bladsy 18-19)*

**(b) Beskikbaarheid van grondstowwe**

- Haar grondstowwe is nie afhanklik van die seisoen nie/is nie seisoenaal nie✓[1] en sal nie afgaan/ bederf nie.✓[2]
- Die grondstowwe is by verskeie bronne/ plaaslik beskikbaar✓[3]/ altyd beskikbaar/sal nie klaar raak nie en produksie stop nie.✓[4]
- Sy het eerste krale by 'n plaaslike kralewinkel gekoop✓[5] en koop nou half-edelgesteentes van internasionale handelaars✓[6] Sy het nou fondse om beter kwaliteit edelgesteentes te koop/groter aantrekkingskrag wat meer verkope tot gevolg het.✓[7] (Enige 3)

(3)

*Toepassing, matig (Verken, bladsy 13; Suksesvol, bladsy 19)*

**6.3.6 Die verkoopprys van 'n paar oorbelle is R290.00. Die grondstowwe om 150 paar oorbelle te maak, kos R7 970. Die oorhoofse koste om 150 paar oorbelle te maak is R8 270.**

**(a) Bereken hoeveel pare oorbelle verkoop moet word om die produksiekoste te dek. Toon ALLE berekeninge.**

Produksiekoste = R7 970 + R8 270✓
= R16 240✓
R16 240 ÷ R290 = 56✓pare oorbelle (3)

*Toepassing, matig (Verken, bladsy 36 – 37; Suksesvol, bladsy 39)*

**(b) Bereken die wins wat Nelisa sal maak as 150 paar oorbelle verkoop. Toon ALLE berekeninge.**

150 x R290 = R43 500✓
R43 500 – (R7 970 + R8 270)/R16 240✓= R27 260✓
**OF**
150 – 56 = 94✓
94 x R290✓ = R27 260✓

**OF**
R 290 – R108,27✓ (1 paar produksiekoste)
= R181,73 x 150✓ (wins van een paar)
= R 27 259,50

**OF**
Grondstowwe vir 1 produk: R7979 ÷ 150 = R53,13
Oorhoofse koste vir 1 produk: R8270 ÷ 150 = R 55,13
R53,13 + R55 13 = R108, 26
R290,00 – R108,26 = R181,74✓
R181,74 x 150✓ = R27 261✓

**OF**
R290 – R108,27✓ (1 paar produksiekoste)
= R181,73 x 150✓
= R27 259,50✓ (3)

*Toepassing, matig (Verken, bladsy 36-37; Suksesvol, bladsy 39)*
LET WEL: Die "R" moet aangedui word as die antwoord.

**6.3.7 Nelisa het haar teikenverkope en haar maandelikse verkoopsdoelwit vir elk van die afgelope 18 maande bereik. Gee redes vir haar sukses en verduidelik ook waarom sy waarskynlik in die toekoms suksesvol sal wees.**

- Nelisa ken haar ambag/ het die vaardighede/kennis/opknappingskursus gedoen✓[1] om goeie kwaliteit juweliersware te maak.✓[2] Dit sal kliënte tevredenheid verseker.✓[3]
- Sy het 'n aantreklike handelsmerk en etikette✓[3] en dit sal kliënte oorreed✓[4] om te koop.
- Sy bemark haar produkte op Facebook✓[5] aan ‘n groot teikenmark✓[6]
- Die juweliersware word in verskeie winkels/ mall /markte/ aanlyn✓[7] verkoop en dit vergroot haar kliënte basis.✓[8]
- Mense/ haar man/ personeel help haar/ sy doen nie alles self nie,✓[9] dus kan sy fokus op ontwerp/ produksie verhoog.✓[10]
- Sy skenk aandag aan kliënte navrae/spreek klagtes/ behoeftes aan✓[11] dus hou sy kliënte gelukkig/ bou goeie kliëntebetrekkinge.✓[12]
- Sy gebruik goeie kwaliteit grondstowwe✓[13] wat duursaamheid verseker.✓[14]
- Haar reekse is veelsydig/ sluit 'n verskeidenheid juweliersware stukke✓[15] teen verskeie pryse✓[16] in. Dit beteken dat haar produkte tot 'n groot teikenmark/ nismark aantrekkingskrag sal hê.✓[17]
- Haar produkte is nie seisoenaal nie/ mense koop reg deur die jaar juweliersware✓[18] en dit stel haar in staat om regdeur die jaar 'n wins te maak.✓[19]
- Haar produkte bederf nie/ het nie 'n raklewe nie,✓[20] dus is daar geen vermorsing/ verlies nie.✓[21] (Enige 4 x 2) (8)

*Analisering, moeilik (Verken, bladsy 20-25; Suksesvol, bladsy 26 – 33)*

**[40]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou